Dagsê Tarentalers,

Dankie vir al julle terugvoer en hulp met die nuwe webtuiste en besprekings-sisteem; van hier af kan dit net beter gaan!

Soos julle reeds weet, word besprekings nie meer deur Michelé hanteer nie. Besprekings word direk op ons webtuiste gedoen en betaal. Gaan gerus na: www tarentaalteater co za (tik 'n punt in my spasies) en volg die maklike stappe om te bespreek. Indien jy dalk sukkel om met hierdie skakel op die webtuiste in te kom, tik gerus net self die adres in jou "web browser".

Indien jy dalk sukkel of "vashaak" met jou bespreking, stuur gerus 'n e-pos aan michele@tarentaalteater.co.za of skakel vir Michelé, ons help graag! Vind aangeheg 'n stap vir stap verduideliking vir betaling per EFT vanaf webtuiste.

Algemene Reëlings:

- Tafel plasings word gedoen volgens datum van betaling van voor na agter.
- Jy sal 'n epos ontvang wat sê "Jou bespreking was suksesvol" - Maak asseblief seker dat jy hierdie e-pos ontvang, anders het ek nie jou bespreking nie.
- Dit is absoluut **NOODSAAKLIK** dat die bank skakels op die webtuiste gebruik word om na jou bank se "login" bladsy te gaan. Indien jy deur jou "web browser" na jou bank gaan soos normaal, "bypass" jy die besprekings sisteem op die webtuiste, en sal ek NIE jou bespreking ontvang nie! Al het jy al die regte inligting ingesit, en nie deur die bank skakel na jou

bank gegaan het nie, sal ek NIE jou bespreking ontvang NIE.

- As jy jou betaling "op die ou manier" doen, gaan ek nie jou bespreking kry nie.
- Die A Pieterse rekening word nie meer vir betalings gebruik nie.
- Ons werk nie fisies met kaartjies nie, jou tafel sal op die aand aangewys word.
- Indien jy nie 'n ete wil bespreek nie, bring 'n lekker piekniekmandjie; etes is nie verpligtend nie.
- Bring jou gunsteling bottel wyn, sap of water; ons het nie 'n kroeg nie.
- Hou asseblief koelbokse klein; ons spasie is reeds baie beperk.
- Geen stootwaentjies asseblief; bring gerus 'n kombersie saam vir jou kleuter om op te sit.
- Deure open 18:30, vertonings begin 20:00.

Julle samewerking in die verband sal regtig baie waardeer word!

- Indien jy dalk twee e-posse op dieselfde adres, of op twee verskillende adresse ontvang, laat weet asseblief watter adres jy verkies sodat ek ons databasis kan opdateer.

Stuur ook gerus ons program aan jou vriende - ons sien uit na die res van die jaar se Tarentaal-kuiers!!!

Tarentaal groete,

Chris, Anita en Michelé